Opleiding vir jou toekoms

Kaap Agri Akademie se plaaswerker-opleidingsprogram vir 2019

Die Kaap Agri Akademie verskaf hoogstaande opleiding aan opkomende boere en plaaswerkers met die doel om kennis, vaardighede en produktiwiteit te bevorder. Opleiding bemagtig boere om hul onderneming se groeivermoë te verbeter wat dit meer mededingend sal maak. Die kursusinhoud is spesifiek ontwikkel vir Suid-Afrikaanse landbou-toestande en die kursusse sowel as die kursus-aanbieders is deur AgriSETA geakkrediteer.

Trekkerinstandhouding

Leer oor trekkerinstandhouding, hoe om 'n trekker te inspekteer, kontroles te gebruik, en alledaagse probleme op te los.

R1 800 pp • 4-dag-kursus

Laai- en skopgrawe

Teen die einde van die kursus sal leerders 'n laai- of skopgraaf kan bestuur en beheer, 'n basiese kennis van die masjien se werking besit, en algemene probleme kan vasstel en oplos.

R1 800 pp • 5-dag-kursus

Spuitpompe

Spuitpompe is algemene toerustingstukke en in hierdie kursus verken leerders die funksies en werking daarvan.

R1 800 pp • 2-dag-kursus

Vurkhysers

Vurkhysers is kragtige masjinerie wat produktiwiteit kan verbeter. Deur te leer hoe om dit optimaal te gebruik en hoe om verskeie vragtipes te hanteer, kan leerders verstaan hoe om ongelukke te verminder of selfs te voorkom.

Verfrisserkursus: R850 pp • 1-dag-kursus
Nuut: R1 400 pp • 3-dag-kursus

Hantering van Chemiese Middels

Die basiese beginsels vir die veilige hantering en bewaring van chemiese middels word in die kursus gedek.

R700 pp • 1-dag-kursus

Sweiswerk

Leerders kry 'n basiese kennis oor die gebruik van die toerusting en metale. Dit dek ook verskeie sweis-tegnieke en veiligheidsopleiding om leerders toe te rus om sweiswerk van hoë gehalte te lewer.

R3 300 pp • 5-dag-kursus (Slegs 4 leerders per kursus)

Boordmonitering

Leer hoe om insekte en peste in boorde en wingerde te beheer.

R1 700 pp • 2-dag-kursus

Noodhulp

Leerders sal hierdie twee praktiese opleidingskursusse baie nuttig vind om hulle toe te rus om alledaagse noodgevalle te hanteer.

R1 000 pp Vlak 1 • 2-dag-kursus
R1 300 pp Vlak 2 • 3-dag-kursus

Brandbestryding

Die kursus dek die basiese tegnieke van brandbestryding en hoe om brandblussers te gebruik. Leerders sal ook leer wat die oorsaak van brande op plase is en hoe voordelig brandstroke kan wees.

R700 pp • 1-dag-kursus

Veiligheidsverteenwoordiger

Die kursus skep meer bewustheid oor wat vereis word van Gesondheids- en Veiligheidsverteenwoordigers asook Toesighouers ten tye van 'n ongeluk of insident.

R700 pp • 1-dag-kursus

Toesighouding

Hierdie kursus is ideaal vir nuwe Toesighouers of persone wat basiese opleiding benodig oor die beginsels van bestuur, beplanning, organisering en probleemoplossing.

R3 000 pp • 4-dag-kursus

Hier om jou te help

• Kaap Agri Akademie bied bystand met akkommodasie vir leerders wat kursusse bywoon • Kaap Agri rekeninghouers kan vir die opleiding met hul Kaap Agri rekening betaal.

Besprekings en navrae:

Lerina Nel: T: 022 931 8231 **F:** 086 636 5525 **E:** lerina.nel@kaapagri.co.za

Neem asseblief kennis

Alle pryse sluit BTW in. Indien jy die koste vir die opleiding met jou rekening wil betaal, verkry asseblief 'n volmagvorm by Lerina Nel. Kansellasies moet ten minste 3 dae voor die begin van 'n kursus gemaak word.

KAAP AGRI AKADEMIE

We are *mens-mense*, we CARE.